

# Memorandum: Voorbeeldvraestel 1

---

Afrikaans Huistaal Graad 12

Tyd: 2 uur

Punte: 70

## Afdeling A: Leesbegrip

### Vraag 1: Tydskrifartikel, koerantberig en strokiesprent

*Hol, spring en rol*

#### Memorandum

1. Bestudeer die titel en die gepaardgaande illustrasie noukeurig.
  - 1.1 Waarom klink hierdie titel so lekker op die tong? (1)

**Die herhaling van woorde en klanke versterk die klankrykheid van die titel. (1)**
  - 1.2 Wat beeld die figure in die titel uit? (1)

**Dit dui die aksies wat in hierdie sport beoefen word, aan. (1)**
2. In die subopskrif staan daar *En nou is dit ook in Suid-Afrika*. Is hierdie 'n splinternuwe sportsoort? Motiveer deur 'n fragment uit die teks aan te haal. (2)

**Nee. (1) "al sedert die vroegste tye bestaan" (paragraaf 2) (1)**  
**Slegs Nee = 0.**
3. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig. Let veral op die sinslengtes en die woordsoort waarmee elke sin begin. Hoe sluit dit aan by die inhoud? (2)

**Die kort sinne en die werkwoorde waarmee dié sinne begin, sluit aan by die beskrywing van die aksies van dié sportsoort. (2)**
4. Vervang die emotiewe woorde *laat wiel* (paragraaf 1) met 'n ander nugter woord/woorde. (1)

**Hardloop/laat spaander. (1)**
5. "...maar in die land van die tweebeen is 'n traceur koning." (paragraaf 1).
  - 5.1 Skryf die oorspronklike idioom neer wat in hierdie sin verander is om by die inhoud van die teks te pas. (1)

**In die land van die blindes is eenoog koning. (1)**
  - 5.2 Wat beteken dié idioom in die konteks van die sin? (1)

**In die land van mens (tweebeen) is hierdie sportsoort koning. (1)**
6. Watter ander vorm van Parkour fokus meer op behendigheid met die liggaam? (1)

**Vrynael. (1)**
7. Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer. (2)

Die 26-jarige student in nywerheidsontwerp glo dat die sport daarvoor gaan om vas te stel waartoe jou liggaam in staat is (paragraaf 5).

**Mening. (1) Dit is die student se mening, want die woord glo word gebruik. (1) (2)**
8. Gee 'n sinoniem (woord wat min of meer dieselfde beteken) vir *aanwakker* (paragraaf 3). (1)

EN

**Craven se brak is somer pure bul**9. Wat is die konnotasie van die woorde *pure bul* wat in die titel voorkom? (1)**Die hond is 'n doring. Hy is voortreflik.**

(1)

**Konnotasie is die figuurlike betekenis. Die denotasie van dié woord is 'n werklike bees/bul.**

10. Watter enkele woord in paragraaf 1 dui aan dat Danie Craven nie van die begin af die hond se eenaar was nie. (1)

**Aangenome.**

(1)

11. Noem twee maniere hoe dit uitgehef word dat die hond juis op die jagveld naam gemaak het? (2)

**Agterplasing van dié woord in die sin. (1) Die aandagstreep vestig die aandag op dié woord. (1)**

(2)

12. Watter kontras is daar in paragraaf 2 en watter effek het dié kontras op die leser? (2)

**Die hond is klein ('n paar bakstene hoog) en die koedoe word as 'n uitgegroeide koedoebul beskryf. Dit maak dié prestasie soveel groter.**

(2)

13. Wat is die aard van die styl van hierdie teks? (1)

**Dit is humoristies/grappig informatief.**

(1)

14. Daar word in paragraaf 2 en paragraaf 3 vertel hoe die hond dit NIE gedoen het nie. Watter effek het dit? Wat noem ons hierdie tegniek? (2)

**Dit maak die leser nuuskierig en skep afwagting. (1) Dit word die uitsteltegniek genoem. (1)**

(2)

15. Waarom kan paragraaf 4 as 'n hiperbool (vergroting) gesien word? Verduidelik volledig. (2)

**'n Hiperbool is nie 'n opsetlike onwaarheid nie, maar iets word net vergroot om dit indrukwekkend te laat klink. Hy het nie werklik die koedoe doodgehardloop nie, die koedoe is eintlik in 'n fratsongeluk dood.**

(2)

16. Dink jy dié hond is buitengewoon of 'n held? Motiveer. (1)

**Nee. Dit was bloot 'n fratsongeluk.**

(1)

**Slegs Nee = 0**

17. Wat is 'n trofeejagter? (1)

**Dit is 'n jagter wat 'n wilde dier skiet en daarna sy kop of die hele lyf laat opstop as bewys dat hy die dier geskiet het.**

(1)

18. Haal 'n woord uit die teks aan wat beteken *inkennig, na binne gekeer*. (1)**Introvert (paragraaf 9).**

(1)

EN

**Stilte voor die hospitaal**

19. Hierdie illustrasie het geen onderskrif nie en die leser moet self afleidings uit die prent maak. Skryf kortliks jou waarneming neer. (1)

- Dit dui aan dat daar slegs, as daar by die hospitaal verby geloop word, stilte is. (1)**
20. Die middelste vyf kinders is tjoepstil. Watter soort geluide word daar vóór en ná die stilte gemaak? Noem minstens twee en dui aan waaruit jy die afleiding maak. (2)
- Enige twee: (2)**
- Sing (musieknote)**
- Skreeu (seun trek meisie se hare)**
- Baklei (seun met vuis in die lug)**
- Gesels (meisie en seun wat glimlag)**

[3]

**Totaal Afdeling A: 30 punte**

## **Afdeling B: Opsomming**

### **Vraag 2**

*Is daar beter medisyne op aarde as pure passie?*

#### **Memorandum**

Jy moet die instruksies noukeurig uitvoer.

1. Skep 'n interessante omgewing om jou kreatiewe denke te stimuleer. (10 woorde)
2. Beskou die lewe as 'n reis waarin jy inligting insamel. (10 woorde)
3. Bekyk dinge vanuit 'n vars nuwe perspektief. (7 woorde)
4. Beweeg uit jou gemaksones en doen die onverwagte. (8 woorde)
5. Soek jou droom en leef dit met passie uit. (9 woorde)

**Totaal Afdeling B: 10 punte**

## **Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**

### **Vraag 3**

*Raakvatsêgoed val lekker oppie tong*

#### **Memorandum**

1. Die woorde *tong val* kom in paragraaf 2 voor. Gebruik nou die woord *tongval* (as een woord) in 'n goeie sin. (1)  
**Die tongval van die Namakwalanders het 'n kenmerkende bryklank. (1)**  
**Die woord *tongval* beteken streekstaal/dialek.**
2. Skryf die afkortings ATKV en SMS (paragraaf 3) voluit neer. (2)  
**Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (1)**  
**Kortboodskapdiens. (1)**
3. Gee die enkelvoud van die woord *raakvatsêgoed* (paragraaf 3). (1)  
**Raakvatsêding (1)**
4. Gebruik die skeibare werkwoord in paragraaf 6 as twee woorde (dus geskei) in 'n sin. (1)  
**Enige sin met *aangetrek* as twee woorde: Hy *trek* sy baadjie *aan*. (1)**
5. Waarom die gebruik van die enkel aanhalingstekens in paragraaf 11? (1)  
**Dit is 'n aanhaling binne die direkte rede en word dus met enkel tekens aangedui. (1)**

6. Die woord *besluit* kom in paragraaf 12 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord tussen hakies.

Hy was (vas besluit) om die beste sêding uit te dink sodat hy die prys kan wen. (1)

**Vasbeslote.**

(1)

[7]

EN

***Jong weduwee se stadige hartseerwals***

7. In die illustrasie word 'n idioom uitgebeeld wat met reën verband hou. Skryf die idioom en sy verklaring neer. (2)

**As dit pap reën, moet jy skep.**

(1)

**As die geleentheid hom voordoen, moet jy daarvan gebruik maak.**

(1)

8. In die teks (paragraaf 1) word die woord *staatsdiensreëntjie* gebruik.

Gee 'n idiomatiese benaming vir 'n staatsdiensamptenaar. (1)

**Kripvreter.**

(1)

9. Watter sinswyse is die sin in paragraaf 1? (1)

**Vraende wyse.**

(1)

10. Van watter vergelyking is die woord *klokslag* (paragraaf 3) die antwoord? (1)

**So gereeld soos...**

(1)

11. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Daar is (seisoen) wisseling in die weer. (1)

**Seisoenale**

(1)

12. Gee die teenoorgestelde van die woord *kurkdroë* (paragraaf 5) in die volgende sin: ...*val die reëndruppels op die kurkdroë sinkdak.* (1)

**Sopnat.**

(1)

**Slegs die woord *nat* is foutief. Dit moet die intensiewe vorm wees.**

13. "...*lê daar die volgende oggend 'n doringboom op sy sy...*" (paragraaf 6). Die woorde *sy* word dieselfde gespel, maar verskil in betekenis en behoort ook tot verskillende woordsoorte. Dui die woordsoorte van elk aan. (2)

**Eerste sy is 'n voornaamwoord (1) en die tweede sy is 'n soortnaam.(1)**

(2)

14. Gebruik die woord *flanke* (paragraaf 6) in 'n ander betekenis as in die teks. (1)

**Enige sin met die woord *flank* anders as in die teks: Die flank het met die bal gehardloop en oorgedui vir 'n drie.**

(1)

15. Haal die deelwoord uit paragraaf 6 aan en skryf neer of dit 'n voltooide of 'n onvoltooide deelwoord is. (2)

**Dansende. (1) Onvoltooide deelwoord. (1)**

(2)

16. Die woord *voorstedelike* kom in paragraaf 7 voor.

16.1 Skryf die twee basisse van dié woord neer. (1)

**Voor + stad.**

(1)

16.2 Gee die verkleinwoord van die woord *stede* in die volgende sin:

Die klein (stede) het aan die voet van die berg gelê. (1)

**Stadjies.**

(1)

17. Die woord *kniehoog* (paragraaf 9) het betrekking. Skryf 'n ander intensiewe vorm neer waarvan die woord *knie* die bepaler is. (1)

**Kniediep.**

(1)

18. Haal 'n samestelling uit paragraaf 9 wat deur 'n verbindingsklank gevorm is, aan en omkring die verbindingsklank. (1)

**Stadsboer.**

(1)

19. Skryf die ma se woorde "*Nou moet julle hardloop! Hier kom gróót weer!*" (paragraaf 11) in die indirekte rede. Begin jou sin só: Die ma sê... (2)

**Die ma sê toe dat hulle moet hardloop, want daar kom gróót weer.**

(2)

20. Van watter woord is die woord *reuk* (paragraaf 2) deur klinkerwisseling afgelei? (1)

**Ruik.**

(1)

21. Daar is in paragraaf 12 één woord wat verkeerd gespél is. Skryf slegs dié woord korrek neer. (1)

**Huis toe (twee woorde).**

(1)

[20]

EN

**Louis die Laeveldleeu**

22. Die woord *opkommandeer* (raampie 1) het betrekking. Skryf die verklaring van die idioom *kommandeer jou eie honde en blaf self* neer. (1)

**Doen self wat jy voorstel en moenie van ander verwag om dit vir jou te doen nie.**

(1)

23. Watter suggestie skep die bobbejaan in raampie 2? (1)

**Hy skep die suggestie dat hy die renoster op sy plek gaan sit.**

(1)

24. Die woord *komplimenteer* kom in raampie 3 voor. Gebruik nou die woord *komplementeer* in 'n goeie sin. (1)

**Die lang nar en die kortetjie komplementeer (vul mekaar aan) mekaar, wanneer die een regmaak vir 'n toertjie, hou die ander die gehoor besig.**

(1)

[3]

**Totaal Afdeling C: 30 punte**

**GROOTTOTAAL: 70 punte**